# HOOFSTUK III.

## REGULASIES, REËLS EN VOORSKRIFTE INSAKE KOSHUISBOERDERYE.

### A. DIE VOORGESKREWE PROSEDURE I.V.M. ONTVANGSTE.

Art. 89 van die Suid-Afrikawet het bepaal dat in elke provinsie ŉ provinsiale inkomstefonds gestig moet word „waarin alle inkomsten geheven door of opkomende aan de Provinciale Raad ... worden gestort. Het fonds wordt door de Provinciale Raad by ordonantie beschikbaar gesteld ten behoeve van de provinciale huishouding in 't algemeen."[1]

Aangesien provinsiale koshuise inrigtings is wat deur die Provinsiale Raad ingestel is, is alle gelde wat by sodanige inrigtings ontvang word (en dus ook gelde wat via die koshuisboerdery ontvang word) „inkomsten opkomende aan de Provinciale Raad" en derhalwe onderhewig aan die bepalings van art. 89 en sou verwag word dat dit in die provinsiale inkomstefonds gestort word, soos trouens gedoen word met ontvangste t.o.v. naaldwerkverkope, eksamengelde, ens.[2]

#### I. DIE PROSEDURE IN DIE KAAPPROVINSIE, O.V.S. EN NATAL.

Hierdie beskouing word dan ook in ŉ groot mate deur die ander provinsies gehuldig.

1. Die Kaapprovinsie.[3]

Wat koshuise in die Kaapprovinsie betref, is skoolboerderye slegs betrokke by drie hoër landbouskole en hierdie skole moet jaarliks ŉ begroting van hul beraamde inkomste en uitgawe indien met insluiting van die koshuise, wat dan voor die Provinsiale Raad vir goedkeuring gelê word. Die goedgekeurde uitgawe

is/...

1. Kyk bl. 7.
2. T. O. D.: Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole (1956/57), bl. 94.
3. Kyk bylae A, bl. 101.

is dan bindend op die hoofde van die skole.

Nadat in die koshuise se behoeftes voorsien is, word oortollige boerderyprodukte en lewende hawe teen die voordeligste pryse op die oop mark of per publieke veiling van die hand gesit en die opbrings word in die provinsiale inkomstefonds gestort. Produkte wat deur die koshuis gebruik word, word as 'n uitgawe van die koshuis beskou.

2. <u>Die Oranje Vrystaat.</u>[1]

In die Oranje Vrystaat is daar slegs twee koshuise van die Administrasie wat aan skole met boerderye (nl. twee landbouskole) verbonde is. Die koshuise koop produkte, hoenders en slagvee teen heersende markpryse en wat daarna surplus mag wees, word per publieke veiling verkoop en die opbrings word in die provinsiale inkomstefonds gestort.

3. <u>Natal.</u>[2]

In Natal is daar twee skemas, t.w. die selfonderhoudende skema en die gewone skema. Surplusfondse wat van die selfonderhoudende skema, wat vermoedelik klein is, verkry word, word aangewend vir uitbreiding of vir ander skemas wat deur die Direkteur goedgekeur is.

By die gewone skema word inkomste verkry uit die verkoop van produkte by die provinsiale inkomstefonds inbetaal.

Koshuise wat verbonde is aan skole met boerderye word van produkte voorsien, maar kontant-ontvangste word in die provinsiale inkomstefonds gestort. So ook word die produkte en vee van die Mooirivierse Landbouhoërskool deur die Onderwysdepartement van die hand gesit en alle inkomste in die provinsiale inkomstefonds gestort.

In hoofsaak skyn dit dus asof alle noemenswaardige bedrae deur die bovermelde provinsies by hul onderskeie provinsiale inkomstefondse inbetaal word ten behoewe van die provinsiale

huishouding/...

1. Kyk bylae B, bl. 102.
2. Kyk bylae C, bl. 104.

huishouding in die algemeen.

II. DIE TRANSVAALSE PROSEDURE.

Die Transvaalse Provinsiale Administrasie het reeds met die instelling van die stelsel van Provinsiale Koshuise 'n ander weg ingeslaan want in die eerste koshuisregulasies wat afgekondig is by Administrateursproklamasie 554 van 1936, word in regulasie 25 bepaal dat, behalwe waar ander reëlings met goedkeuring van die Administrasie getref is, 'n bankrekening by die naaste of gerieflikste bank geopen moet word waarin alle gelde wat vir of ten behoewe van die koshuis ontvang word, sonder korting of onnodige versuim gestort moet word. Regulasie 6 bepaal verder dat koshuisfondse uitsluitlik aangewend moet word vir koshuisdoeleindes wat as sodanig deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur is en dat enige surplusinkomste van 'n koshuis op aanbeveling van die Direkteur en met goedkeuring van die Provinsiale Sekretaris aangewend moet word óf om koshuisgelde te verminder óf om groter geriewe vir inwonende leerlinge en/of die personeel te verskaf.

Dat hierdie gelde, wat nou in die koshuisfonds en nie in die provinsiale inkomstefonds nie, gestort word en aangewend word ten behoewe van die besondere koshuis en nie ten behoewe van die provinsiale huishouding in die algemeen nie, egter nog as provinsiale inkomste beskou word, blyk uit regulasie 5 wat bepaal dat die Provinsiale Ouditeur reëlings moet tref om die rekenings en boeke van elke koshuis van tyd tot tyd te laat nasien.

In sy verslag vir die boekjaar 1939/40 meld die Provinsiale Ouditeur dat die wettigheid van die prosedure wat in regulasie 25 neergelê is, twyfelagtig is en dat hy dit na die Rekenpligtige Amptenaar verwys het.[1]

Ook die Provinsiale Onderwyskommissie van 1937 het oorweging/...

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1939/40, bl. 23, § 32.

ging aan die saak geskenk en aanbeveel dat „die koshuis, omdat dit 'n goewermentsinrigting is, alle inkomste aan die provinsiale inkomstefonds moet oorbetaal en alle goedgekeurde rekenings aan die Administrasie moet oorlê."[1]

In sy verslag vir die boekjaar 1941/42 kom die Provinsiale Ouditeur weer op die saak terug en meld hy dat die sienswyse van die Prokureur-Generaal ingewin is en dat hy van mening is dat die ontvangste uit koshuisbronne verantwoord en aangewend moet word soos bepaal in art. 89 van die Suid-Afrikawet.[2]

Hierop het die Uitvoerende Komitee gereageer deur by besluit nr. 4124 van 1 Desember 1942 te bepaal dat alle inkomste en uitgawe van provinsiale koshuise by die provinsiale inkomste moet ingelyf word vanaf 1943,[3] dog hierdie besluit is weer herroep by besluit nr. 3765 van 10 November 1943 omdat „dit ... die hele stelsel van plaaslike onderneming en belangstelling wat tans opgebou word, vernietig. Dit sal daarbenewens regstreeks teen herhaalde aanmoediging wat aan hierdie inrigtings gegee is deur wyle mnr. Bekker toe hy hulle die versekering gegee het dat hulle 'n plaaslike fonds sou hê en dat alles wat hulle verdien, beskikbaar sal wees vir die verdere ontwikkeling van die inrigtings en vir fasiliteite by die inrigtings"[4] en die sentrale Goewerment is derhalwe via die Sekretaris van Binnelandse Sake versoek om die nodige wetgewing in te dien tot wettiging van die gebruik om provinsiale koshuise toe te laat om hul inkomste te behou en hul uitgawe daaruit te bestry. Die Sekretaris van Binnelandse Sake het die aangeleentheid op sy beurt weer verwys na die Sekretaris vir Finansies.[5]

Hierdie/...

---

1. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, bl. 141, § 495.
2. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1941/42, bl. 24, § 51.
3. Idem.
4. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1951/52, bl. 50, § 77.
5. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1942/43, bl. 17, § 44.

Hierdie vertoë het daarop uitgeloop dat met ingang van 1 April 1945, art. 89 van die Suid-Afrikawet by art. 28 van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings (nr. 38 van 1945) gewysig is om soos volg te lees:

„De Administrateur van een provincie kan, behoudens wetten op het onderwijs, iedere onderwijsinrichting in de provincie die in een door de Goeverneur-generaal bij proklamatie in de Staatskoerant gepubliseerde lijst vermeld wordt, machtigen zodanig gedeelte van zijn inkomsten en andere door hem verkregen gelden als de Administrateur bepalen mocht, te behouden en aan te wenden ter bestrijding van zijn uitgaven, en zodanige inkomsten en andere gelden worden, ondanks de bepaling van subartikel (1), niet in het Provinciaal Inkomstefonds gestort, dog er wordt daarvan rekenschap gegeven en daarmede gehandeld volgens voorschrift van de Administrateur."[1]

Deur hierdie wysiging van die Suid-Afrikawet is die Transvaalse prosedure m.b.t. die inkomste en uitgawe van provinsiale koshuise onder sy beheer, gewettig, ook t.o.v. die boerdery-inkomste as integrerende deel van die koshuisinkomste. Hierdie prosedure is deurgaans gehandhaaf en word dan ook tans nog gevolg.

B. REGULASIES INSAKE SKOOLPLAASBOERDERYE.

Aangesien die skoolplaas met sy skool, koshuis en boerdery soveel aandag geniet en belangstelling gaande gemaak het, kan verwag word dat die regulasies betreffende sy boerdery in 'n groot mate van toepassing sou wees of invloed sou uitoefen op die geïntegreerde koshuisboerderye en om hierdie rede is dit van belang om aandag daaraan te skenk.

I. DIE WERKING VAN DIE SKOOLPLAASBOERDERY.

Anders as by die ingeskakelde boerderye van die koshuise

by/...

---

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1944/45, bl. 40, § 62.

by sentrale skole, het die skoolplaasboerdery, wat die finansies betref, onafhanklik van die skool en die koshuis gestaan[1] met die waarskynlike doel om die inrigtings mettertyd onafhanklik van geldelike steun van die Provinsiale Administrasie te maak[2] en by besluit nr. 4806 van 1939 het die Uitvoerende Komitee skoolplase gemagtig om hul eie afsonderlike bankrekenings te open en hul uitgawes uit hul inkomste te bestry,[3] ŉ reëling wat toentertyd onwettig was dog later gewettig kon word deur te voldoen aan die bepalings van art. 89 van die Suid-Afrikawet soos gewysig.[4]

II. DIE REGULASIE-AANGELEENTHEID.

Alhoewel die Onderwysdepartement skoolplase in 1938 in kennis gestel het dat die geouditeerde wins van elke plaas jaarliks soos volg toegewys moet word: 30% aan ŉ reserwefonds, 50% aan ŉ plaasontwikkelingsfonds en 20% aan ŉ skoolfonds,[5] meld die Provinsiale Ouditeur in sy verslag vir die boekjaar 1938/39 dat die regulasies wat so ŉ verdeling sou magtig, nog oorweging geniet.[6]

In 1942 herroep die Onderwysdepartement hierdie opdrag en maak sy voorneme bekend om vroeg daardie jaar regulasies te laat publiseer i.v.m. die beheer van boerderybedrywighede by skoolplase en landbouskole. Intussen moet plaasfondse uitsluitlik aangewend word vir goedgekeurde boerderybedrywighede en hoofde word gelas om die Departement te raadpleeg alvorens enige bedrag van meer as £25 te bestee.[7]

Toe die nodige stappe in 1949 egter nog nie gedoen is nie, deel die Onderwysdepartement die Provinsiale Ouditeur mee dat

„die/...

---

1. Vgl. bl. 17.
2. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1951/52, bl. 50, § 75 (b).
3. Idem. § 77 (a).
4. Vgl. bl. 29.
5. Departementele diensbrief E 39 van 30 Maart 1938.
6. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1938/39, bl. 24, § 31.
7. T. O. D.: Omsendbrief nr. 11 van 1942 (E 39 gedateer 13 Februarie 1942).

„die vraagstuk betreffende die toekomstige toestand van skoolplase in die onderwysstelsel tans deur die Uitvoerende Komitee oorweeg word"[1] en op 13 Maart 1952 weer: „Kragtens Administrateursproklamasie 114 van 1951 is die skoolplase met ingang 1 Januarie 1951 tot groep II-skole verklaar. Die boerderybedrywighede van hierdie skole maak tans 'n integrerende deel van die koshuise uit. Afsonderlike regulasies word derhalwe nie nodig geag nie."[2]

So het die skoolplaasboerderye dan gekom en gegaan sonder dat die proklamasie en regulasies wat deur die wet vereis word, ooit afgekondig is.

C. REGULASIES, REËLS EN VOORSKRIFTE INSAKE KOSHUISBOERDERYE.

Aangesien die boerderye van gesentraliseerde skole by die koshuise ingeskakel is, is afsonderlike regulasies nie daarvoor afgekondig nie dog is dit ook by die koshuisregulasies ingesluit.

I. DIE 1936-REGULASIES.

1. Bepalings. Die eerste koshuisregulasies is afgekondig by Administrateursproklamasie 554 van 1936 en vir die inligting van hoofde van skole en superintendente van koshuise gepubliseer in item 139 van Departementele Omsendbrief nr. 9 van 1937.

In regulasie 9 word die algemene beheer van 'n koshuis opgedra aan 'n superintendent wat deur die Direkteur van Onderwys benoem word en regulasie 15 magtig hom om 'n geskikte persoon te benoem as sekretaris-tesourier.

Hierdie regulasies maak nie direkte melding van die koshuisboerderye as sodanig nie dog verwys hier en daar indirek en terloops daarna. So meld regulasie 24 (d) dat 'n lys van o.a. uitrusting en lewende hawe gehou moet word, terwyl regulasie

24 (f)/...

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1949/50, bl. 370, § 2.
2. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1950/51, bl. 401, § 2.

24 (f) dit aan superintendente opdra om ook sodanige ander state as wat die Administrasie verlang, te hou, waarvolgens stat m.b.t. die boerdery voorgeskryf sal kan word.

Regulasie 6 bepaal hoe gewone en surplusinkomste van koshuise aangewend moet en mag word en hierdie regulasie het indirek op die boedery betrekking in soverre dit tot die gewone inkomste bydra en die surplusinkomste ten goede of ten kwade beïnvloed.

In regulasies 25 tot en met 37 word die prosedure neergelê vir die verantwoording van die gelde wat ontvang en betalings wat gemaak word vir aankope van benodigdhede, lone ens., terwyl regulasie 38 bepaal dat superintendente jaarliks nie later as op 14 Februarie nie, 'n opsomming van alle koshuisontvangste en betalings gedurende die voorafgaande boekjaar aan die Provinsiale Sekretaris op die voorgeskrewe vorm moet voorlê.

Samevattend kan dus vermeld word dat:-

(a) regulasies afgekondig is om die kontant-ontvangste en die aanwending daarvan vir die bestryding van uitgawes asook die uitrusting en lewende hawe van die boerdery onder beheer te plaas dog daar word nie onderskei tussen koshuis en boerdery as afdelings of vertakkings van 'n inrigting nie;

(b) die inkomste en uitgawe in natura van die boerdery verswyg word.

2. <u>Reëls en Voorskrifte gebaseer op die 1936-regulasies.</u>

(a) <u>Die Koshuiskwartaalstaat.</u> Omsendbrief 54 van 1939 (E 29 gedateer 21 Augustus 1939) het voorgeskryf dat 'n staat op 31 Maart, 30 Junie, 30 September en 31 Desember van elke jaar aan die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur moes word, waarop o.a. 'n uiteensetting van ontvangste en betalings vir die voorafgaande drie maande gegee moes word. Behalwe die normale ontvangste en betalings t.o.v. onderhoud en vervanging, moes 'n opgawe van ander ontvangste en betalings in gespesifiseerde vorm verstrek word, waarby die boerderysake natuurlik inbegrepe sou wees.

(b)/...

(b) Terreinbepaling vir Inspeksiedoeleindes. Om oorvleueling uit te skakel is terreinbepaling vir inspeksiedoeleindes soos volg bepaal by omsendbrief 56 van 1939 (E 29 gedateer 29 Augustus 1939):-

(i) Die Inspekteur van Onderwys: Opvoedkundig-administratiewe aangeleenthede.

(ii) Die Geneeskundige Inspekteur: Liggaamlike gesondheid van kosgangers.

(iii) Die Buite-inspekteur: Buite-aktiwiteite van die koshuis, maar via die Inspekteur van Onderwys.

(c) Voorsiening van Plaasprodukte aan Onderwysers e.a. Persone. Omsendbrief 68 van 1939 (E 29 gedateer 20 Oktober 1939) het bepaal dat onderwysers wat nie in die koshuis inwoon nie, selfs al doen hulle daar diens, vir groente, vleis, brandstof e.a. plaasprodukte en ware moet betaal teen heersende pryse en dat aan geen persoon vir sy persoonlike gebruik of doeleindes plaasprodukte of enige opbringste van die koshuis gratis gegee mag word nie.

(d) Werksaamhede van die Buite-inspekteur. Die werksaamhede van die Buite-inspekteur is in Omsendbrief 3 van 1940 (E 17/29 gedateer 7 Januarie 1940) in meer besonderhede omskryf soos volg:-

(i) Hy doen inspeksie in enige kring as adjunk van die Inspekteur van Onderwys vir daardie kring.

(ii) Sy inspeksiewerk is dié van 'n praktiese vakman (boer) oor die buite- en boerdery-aktiwiteite by o.a. sentrale plattelandse koshuise maar hy beoordeel hierdie sake en rapporteer daaroor asof dit aktiwiteite van 'n gewone boereplaas is.

(iii) Sy verslae moet die volgende dek en dit in daardie volgorde behandel: Pluimvee, Tuin en Boord, Vleisvoorsiening, Melkvoorsiening, Ander.

(iv) State, met opgawes waar dit pas, moet opgestel word.

Hoe die superintendente die nodige gegewens vir die state en opgawes moes versamel, is egter nie vermeld nie.

(e) Verkoop van Kalwers. Omsendbrief 32 van 1940 (E 20/39 gedateer 17 Julie 1940) het superintendente gemagtig om „dagoudkalwers" teen minstens 10/- elk te verkoop indien hulle dit nie wou groot maak nie.

(f)/...

(f) Benoeming van ŉ Inspekteur van Koshuise. Omsendbrief 83 van 1941 (E 17/30 gedateer 27 Oktober 1941) kondig die benoeming van ŉ Inspekteur van Koshuise aan wat:-

(i) moet toesien dat die finansiële beleid van provinsiale koshuise gesond is en bly „of waar hulle sieklik is, sodanige stappe neem of aan te beveel wat geneem moet word om hulle gesond te maak;"

(ii) superintendente moet voorlig omtrent die korrekte beleid;

(iii) die finansiële bestuur van die superintendent moet inspekteer en rapport daaroor doen.

In terme van sy opdrag, het die finansiële aspek van koshuisboerderye derhalwe ook die aandag van die Inspekteur van Koshuise geverg.

(g) Eenheidskostesyferbepaling. By Omsendbrief 32 van 1942 (E 11/29 gedateer 16 April 1942) word eenheidskostesyferbepaling d.i. uitgawe per kosganger per dag, ingevoer met Boerdery as een van die uitgawe-hoofde.

(h) Kontrole oor Plaasgereedskap. Omsendbrief 33 van 1942 (E 4/4/1 gedateer 21 April 1942) het voorskrifte gegee vir die kontrole van plaasgereedskap.

II. DIE 1942-REGULASIES.

1. Bepalings. Die 1936-regulasies het van krag gebly totdat dit vervang is met die regulasies afgekondig by Administrateursproklamasie 252 van 1942, wat na wysiging in 1944 t.o.v. veral regulasie 25, teen die begin van 1945 gepubliseer is tesame met omvattende reëls in ŉ „Handboek van Regulasies en Reëls in verband met Provinsiale Koshuise."

Geen nuwe finansiële regulasies wat op die koshuisboerdery betrekking het, is ingevoer nie dog wat die boerderybedryf as sodanig betref, het regulasie 24 bepaal dat alle bate van ŉ koshuis, met inbegrip van lewende hawe en gereedskap, eiendom van die Administrasie bly indien die koshuis om een of ander rede gesluit mag word. Verder is ŉ nuwe regulasie (nl. nr. 25) ingevoer wat handel oor Lewende Hawe.

Volgens hierdie regulasie kan lewende hawe by ŉ koshuis as

trekdiere/...

trekdiere en vir die verskaffing van voedsel vir die inwoners aangeskaf word (25 (a)), dog hierdie lewende hawe, van watter aard ook al, hetsy as aanvangsuitrusting deur die Administrasie verskaf of aangeskaf uit fondse deur die Administrasie voorgeskiet of uit koshuisfondse of deur omruiling verkry, is die eiendom van die Administrasie en die superintendent is verantwoordelik vir die behoorlike versorging en bewaring daarvan (25 (b)). Origens bepaal die regulasie dat die superintendent in belang van die koshuis lewende hawe kan koop, verkoop of ruil mits die totale bedrag in 'n enkele kwartaal nie meer as £25 beloop nie (25 (e)), maar hy mag nie spekuleer nie of sonder die magtiging van die Provinsiale Sekretaris koop as daar geen fondse vir so 'n transaksie in die onderhoudsrekening beskikbaar is nie (25 (g)). Op aanbeveling van die Direkteur van Onderwys kan die Provinsiale Sekretaris egter magtiging tot 'n voorskot uit die provinsiale fondse verleen vir die aanskaffing van noodsaaklike lewende hawe (25 (h)). Verder bepaal die regulasie die beheermaatreëls oor die lewende hawe en transaksie in verband daarmee (25 (e), (f), (i)).

2. <u>Reëls en Voorskrifte voortvloeiende uit die 1942-regulasies (soos gewysig)</u>. Die bovermelde gepubliseerde reëls is verdeel in 6 hoofstukke wat respektiewelik handel oor Algemene Organisasie, Versorging van Kosgangers, Finansiële en Administratiewe Sake, Geboue, Buite-aktiwiteite, Inspeksies, waarvan, vir sover dit koshuisboerderye betref, die reëls van die derde, vyfde en sesde hoofstukke van belang is.

(a) <u>Finansiële en Administratiewe Sake</u>. Reëls 50 tot en met 62 van hierdie hoofstuk handel oor die boekhouding en reël 50 bepaal welke boeke gehou moet word waaronder 'n boerderyboek en 'n verslagboek vir die motorvragwa genoem word onder die groep wat nodig is maar nie deur die Departement verskaf word nie.
Reël 51 handel oor die boekhouding van boerdery-aktiwiteite van koshuise verbonde aan sentrale skole en meld dat dit die gewone begin-

sels/...

sels van boekhoudig volg, nl. slegs transaksies van die koshuis met 'n tweede party word in die kasboek opgeskryf. „Transaksies tussen die koshuisboerdery en die koshuis self, word liewers in 'n aparte boek wat vir die doel aangelê is, opgeskryf. Produkte wat aan die koshuis deur die koshuiplaas gelewer word, word derhalwe in 'n aparte boek opgeskryf. Uit die kasboek kan die uitgawe ook in die aparte boek opgeskryf word om beide inkomste en uitgawe bymekaar te hê."
Reël 53 behandel die berekening van die eenheidskostesyfers en Boerdery word weereens as een van die uitgaweposte genoem.
In reël 66 word voorskrifte betreffende die motorvragwa gegee. 'n Verslagboek moet gehou word waarin besonderhede betreffende die afstand, brandstofverbruik, bestuurder en passasiers en die doel van elke rit aangeteken word. Origens word die doeleindes waarvoor dit gebruik of verhuur mag word, en teen welke tariewe, neergelê en dan word ook bepaal dat slegs brandstof en smeerolie van die koshuis gebruik mag word.

(b) Buite-aktiwiteite. Reëls 1 tot en met 18 van hierdie hoofstuk handel oor die koshuisboerdery.
In reël 1 word gemeld dat boerdery, nie op 'n uitgebreide skaal nie, 'n goedgekeurde aktiwiteit by sentrale provinsiale koshuise is met die doel om vars groente en vrugte teen 'n redelike koste te verseker. Die aard van die boerdery hang af van die behoeftes en omstandighede van die inrigting en geen spesifieke soort boerdery word dus voorgeskryf nie.
Die orige reëls handel oor die voorsiening van geboue, gereedskap, lewende hawe, bome e.d.m., die prosedure wat gevolg moet word om dit te verkry, die versorging daarvan en die beheer wat daaroor uitgeoefen moet word.
Omsendbrief 4 van 1944 (E 11/29 gedateer 24 Januarie 1944) het voorgeskryf dat 'n boek vir lewende hawe gehou moet word en dat dit raadsaam is om 'n rekening te hê waarin veevermeerdering en -vermindering opgeskrywe word en wat jaarliks gebalanseer word, dog hierdie voorskrif is nóg in die gewysigde regulasies nóg in die reëls opgeneem. Reël 21 het slegs bepaal dat behoorlike inventarisse op datum bygehou moet word o.a. van lewende hawe ontvang, oorgedra of andersins van die hand gesit.

(c) Inspeksies. Hierdie hoofstuk omskryf die funksies en pligte van die amptenare wat betrokke is by die eksterne beheer oor koshuise.

(i) Die Inspekteur van Onderwys. (Reëls 1 en 3) Die Kring-inspekteur is die Departement se hoofamptenaar t.o.v. koshuise en skole in sy inpseksiekring en alle rapporte kom via hom na die Departement. Verder word alle opvoedkundig-administratiewe sake aan hom opgedra.

(ii)/...

(ii) Die Geneeskundige Inspekteur. (Reël 4). Die Geneeskundige Inspekteur neem alle gesondheidsaangeleenthede vir sy rekening.

(iii) Die Buite-inspekteur. (Reël 5). Die Buite-inspekteur bepaal hom by die boerdery-aktiwiteite, inspeksie daarvan, rekwisisies in verband daarmee en verder voer hy spesiale opdragte uit.
Sy inspeksieverslae dek die volgende hoofsake:-

Onderhoudsaktiwiteite: Pluimvee; Tuine en vrugteboorde; Vleisvoorsiening; Melkvoorsiening; Ander.

Diereversorging: Opname van Groot- en Kleinvee; Kondisie en Versorging; Aanbevelings.

Buitegeboue en Uitrusting: Terreinverfraaiing; Buitegeboue.

Gereedskap en Uitrusting: Opgawes; Bruikbaarheid en Toestand; Versorging; Aanbevelings; Afskrywing van verbruikte voorraad.

(iv) Die Koshuis-inspekteur. Die funksie van die Koshuis-inspekteur is weer omskryf soos in Omsendbrief 83 van 1941, die voorskrifte waarvan volledigheidshalwe hierin herhaal word:
Hy moet toesien dat die finansiële toestand van koshuise gesond is en waar dit blyk ongesond te wees, moet hy paslike stappe aanbeveel.
Hy moet superintendente voorlig omtrent 'n gesonde finansiële bestuur en raad en planne aan die hand gee om 'n gesonder finansiële bestuur te help verseker.
Hy moet die finansiële bestuur van die superintendent en die werk van die sekretaris-tesouriers inspekteer en rapport daaroor doen.
Met die benoeming van twee Inspekteurs van Koshuise met dieselfde status as Inspekteurs van Onderwys vanaf begin Augustus 1946, is die terreinbepaling gewysig sodat hulle ook die opvoedkundig-administratiewe sake behartig[1] het tesame met die bovermelde pligte.

(d) Afsluiting van die Kasboek en berekening van Eenheiskostesyfers. By Omsendbrief 15 van 1947 (E 29 (vol. III) gedateer 1 Maart 1947) word voorskrifte gegee i.v.m. die afsluiting van die kasboek en berekening van eenheidskostesyfers dog geen melding word gemaak van boerdery-aangeleenthede oor die algemeen of

van/...

1. Omsendbrief 50 van 1946 (E 12/26 gedateer 30 September 1946)

van boerdery-voorrade wat in berekening gebring moet word in die besonder nie.

III. DIE 1950-REGULASIES.

1. Bepalings. Nadat art. 89 van die Suid-Afrikawet gewysig is om die gebruik van koshuise om selfstandige bankrekenings te open, te wettig, het dit volgens die bepalings van die gewysigde wet nodig geword om die regulasies te proklameer[1] wat dan ook gedoen is by Administrateursproklamasie 8 van 1950.

Hierdie regulasies het nie wesentlik verskil van die vori-ges nie en die bepalings insake die koshuisboerderye is onveranderd gelaat.

2. Voorskrifte voortvloeiende uit die 1950-regulasies.

(a) Terrein van die Koshuisadviseur. Nadat die twee Inspekteurs van Koshuise oorgeplaas is na die onderwysinspektoraat, is 'n Koshuisadviseur benoem en in Omsendbrief 35 van 1951 is sy terrein bepaal as:-

(i) finansiële kontrole;

(ii) voorraadbeheer;

(iii) beheer oor die benoeming en besoldiging van huishoudelike personeellede;

(iv) algemene finansiële administrasie.

(b) Boekhouding by Koshuise en berekening van Eenheidskostesyfers. By § 9 van Omsendbrief 59 van 1951 (E 11/29 gedateer 10 September 1951) is opdrag gegee om i.p.v. die uiteensetting van ontvangste en betalings op die koshuiskwartaalstaat[2] voortaan halfjaarliks 'n inkomste- en uitgawerekening en 'n balansstaat aan die einde van die tweede en vierde kwartale aan die Departement te stuur.
In 'n byvoegsel tot die Omsendbrief word die berekening van eenheidskostesyfers behandel, dog geen melding word gemaak van boerderysake nie behalwe dat boerdery-uitgawes in die groep genoem word wat nagenoeg as konstant beskou kan word!

(i)/...

---

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1944/45, bl. 40, § 62.
2. Vgl. bl. 32, § 2 (a).

(i) Die Inkomste- en Uitgawerekening. Vir die opstelling van die inkomste- en uitgawerekening word die volgende voorskrifte gegee:-

Inkomste: By die inkomste van die koshuis moet gevoeg word kontant ontvang t.o.v. die verkoop van boerderyprodukte onder die hoofde: Eetware, Aanteel en Ander.

Uitgawe: Die uitgawes van die koshuis moet geklassifiseer word onder die hoofde Eetware (met uitsluiting van verbruikte boerderyprodukte, aanteelvee en vervoerkoste voortspruitend uit die gebruik van die vragmotor), Bedryfskoste (met uitsluiting van vervoerkoste t.o.v. die gebruik van die vragmotor vir koshuisdoeleindes), Boerdery-uitgawes (slegs kontantuitgawes i.v.m. kunsmis, lone, brandstof, olie en die gewone onderhoud van implemente); Vragmotor (slegs uitgawes i.v.m. brandstof, olie en gewone onderhoud).

(ii) Die Balansstaat. Vir die opstelling van die balansstaat word voorgeskryf dat bedrae t.o.v. lenings om lewende hawe en ander bate aan te koop en diverse skulde (waarby onbetaalde boerderyrekenings stellig ingesluit is) onder die laste verstrek moet word. Onder die bate moet bedrae deur diverse skuldenare verskuldig, opgeneem word en dit sluit natuurlik ook bedrae verskuldig t.o.v. boerderyprodukte wat verkoop is, in.
Betreffende die voorrade wat voorhandig mag wees wanneer die balansstaat opgestel word, word bepaal dat geproduseerde boerderyprodukte uitgesluit moet word, maar dat die waarde van slagvee, voer en brandstof soos kragparaffien, petrol ens. wat gekoop is, wel ingesluit moet word.
Kortliks kom dit dus daarop neer dat boerdery-aangeleenthede waarby kontant betrokke is in die inkomste- en uitgawerekening en in die balansstaat weerspieël moet word maar transaksies in natura word doelbewus uitgesluit.
Voorskrifte insake die versameling van die verlangde gegewens i.v.m. die boerderytransaksies is nie gegee nie.

(c) Gewysigde Kasboek. 'n Nuwe kasboek (T. A. S. F. 30) is intussen ingevoer wat die eertydse kasontledingsboek omskep het in 'n gekombineerde kasboek-grootboek wat dit vir superintendente moontlik gemaak het om die boekhouding so in te rig dat 'n grootboekrekening vir die boerdery geopen word naas die onderhoudsrekening om sodoende minstens t.o.v. die kontanttransaksies

apartheid/...

apartheid in te voer tussen die koshuis en die boerdery.

## IV. REGULASIES INSAKE KOSHUISBOERDERYE.

1. Bepalings. Die Provinisale Ouditeur het nou sy aandag aan koshuisboerderye geskenk en nadat hy verklaar het dat die behoefte aan uitdruklike opdragte in verband daarmee ernstig geword het, is regulasie 25 (Lewende Hawe) van die 1950-regulasies op sy aanbeveling by Administrateursproklamasie 694 van 1954 herroep en vervang met 'n nuwe regulasie 25, getitel Boerdery, wat soos volg lui:-

(a) 'n Superintendent van enige provinsiale koshuis kan, met goedkeuring van die Direkteur boerdery op beperkte skaal vir die volgende doeleindes onderneem:-

(i) Produksie van voedsel vir die inwoners van die koshuis en van voer vir die diere wat 'n koshuis ingevolge subregulasie (i) gemagtig is om aan te hou, met dien verstande dat produksie gestaak mag word van produkte wat voordeliger deur die koshuis plaaslik of deur goewermentskontrakte aangekoop kan word.

(ii) Die verskaffing van praktiese boerdery vir die opvoedkundige vereistes van 'n skool waar die koshuis aan 'n skool wat landbou as vak doseer, verbonde is.

(b) Die Direkteur bepaal tot watter mate boerdery-aktiwiteite by 'n koshuis onderneem kan word.

(c) Alle implemente van watter aard ook al, hetsy aanvangsuitrusting deur die Administrasie verskaf of uit koshuisfondse aangekoop, is die eiendom van die Administrasie en die superintendent is verantwoordelik vir die behoorlike versorging en bewaring daarvan.

(d) Alle inkomste en uitgawe i.v.m. die boerdery-afdeling van 'n koshuis moet verantwoord en in boeke vir daardie doel aangeteken word.

(e) Surplusprodukte kan van die hand gesit word op 'n wyse soos deur die Direkteur bepaal. Die opbrengs daarvan moet in koshuisfondse gestort word.

(f) Alle transaksies, hetsy by wyse van aanskaffing, van die hand sit, verkoop of afskryf van toerusting en lewende hawe gebruik of aangehou i.v.m. boerderybedrywighede moet verantwoord en in die boeke vir daardie doel aangeteken word.

(g)/...

(g) Op aanbeveling van die Direkteur kan die Provinsiale Sekretaris magtiging verleen dat noodsaaklike boerderytoerusting en lewende hawe as eerste uitrusting aan ŉ koshuis verskaf word.

(h) Op aanbeveling van die Direkteur kan die Provinsiale Sekretaris magtiging daartoe verleen dat die Administrasie geld aan ŉ koshuis voorskiet om boerderytoerusting en lewende hawe aan te koop en die Provinsiale Sekretaris stel die voorwaardes vas waarop en die tydperk waarin genoemde voorskot deur die koshuis aan die Administrasie terugbetaal moet word.

(i) Met goedkeuring van die Direkteur kan lewende hawe by ŉ koshuis as trekdiere en vir die verskaffing van voedsel aan die inwoners van die koshuis aangehou word.

(j) Alle lewende hawe en boerderytoerusting deur die Administrasie verskaf of verkry uit fondse of deur omruiling, is die eiendom van die Administrasie en die superintendent is verantwoordelik vir die behoorlike versorging daarvan.

(k) Die superintendent kan, na goeddunke, slagvee koop en vir gebruik van die koshuis slag. Die bepalings van subregulasie (i) is nie van toepassing vir die doeleindes van hierdie subregulasie nie.

(l) Die superintendent kan, in belang van die koshuis, lewende hawe koop, verkoop of ruil, met dien verstande dat hy die toestemming van die Departement kry ten opsigte van alle transaksies waar die totale bedrag in enige enkele kwartaal meer as £25 beloop.

(m) Die superintendent kan, op aanbeveling van die koshuiskommissie en met goedkeuring van die Direkteur, enige dier wat verlore geraak of wat gesteel of dood is, afkskryf. Die superintendent moet elke sodanige verlies of diefstal aan die polisie rapporteer en die polisierapport aan die Direkteur voorlê.

(n) ŉ Superintendent mag onder geen omstandighede ŉ transaksie vir spekulasiedoeleindes aangaan nie en hy mag nie sonder die vooraf verkreë magtiging van die Direkteur hom verbind om lewende hawe te koop as daar in die onderhoudsrekening geen fondse vir so ŉ transaksie beskikbaar is nie.

(o) Die uitgawe wat ŉ koshuis noodwendig moet aangaan om toerusting en lewende hawe beskikbaar te stel vir die verskaffing van praktiese onderwys aan leerlinge van die skool waaraan die koshuis verbonde is, moet uit koshuisfondse gedek word. Enige inkomste verkry uit sodanige toerusting of lewende hawe word beskou as inkomste vir die koshuis.

(p) Die superintendent moet by geleentheid van die periodieke inspeksie deur die Koshuis-adviseur en te eniger tyd wanneer die Direkteur

hom daarom versoek, alle inligting en verduideliking verstrek wat nodig is i.v.m. enige transaksie in lewende hawe en die aantal voorhande en die Koshuis-adviseur moet in sy rapport kommentaar daaroor lewer.

(q) Die Direkteur bepaal hoeveel lewende hawe enige koshuis kan aanhou.

Verder word regulasie 23 in die afdeling van die 1950-regulasies wat oor Meubels en Uitrusting handel, vervang met:-

(a) Die Departement moet van enige bedrag verkry uit die verkoop van afgekeurde koshuismeubels of -uitrusting in besonderhede in kennis gestel word en die vervangingsrekening moet met sodanige bedrag gekrediteer word.

(b) Die bedrag verkry uit oortollige meubels of uitrusting (insluitende lewende hawe en plaasimplėmente) moet in Provinsiale Inkomste gestort word.

By Administrateursproklamasie 707 van 1955 is die volgende subregulasie by regulasie 23 gevoeg:

(c) Volledige besonderhede moet aan die Departement verstrek word van enige bedrae wat behaal word uit die verkoping van verouderde en onbruikbare boerderygereedskap (asook lewende hawe) en moet in die koshuisfonds gestort word tot krediet van die onderhoudsrekening van die koshuis se plaasafdeling.

2. Reëls en Voorskrifte voortvloeiende uit die Boerderyregulasies.

(a) Vasstelling van Produktepryse.[1] Met betrekking tot regulasie 25 (d) en (e) het die Direkteur van Onderwys die pryse van groente, vrugte (sagte en sitrus), vleis (bees, vark, skaap en pluimvee), eiers, melk, botter en groenmielies per diensbrief E.S. 11A/615/3 gedateer 16 Januarie 1956[1] met ingang van 1 Januarie 1956 vasgestel:-

(i) vir koshuise en onderwysers wat nie gemoeid is met praktiese landbou by hoërskole nie;

(ii) teen laer tariewe as in (i) vir onderwysers wat wel gemoeid is met praktiese onderwys by hoërskole.

(b)/...

1. Kyk bylae D, bl. 106.

(b) Algemene Boekhouding. Na aanleiding van die Provinsiale Ouditeur se beswaar teen die gekombineerde kasboek-grootboek van koshuise[1] en sy aanbeveling dat 'n geskikte rekeningstelsel onder toesig van die Provinsiale Sekretaris in sy hoedanigheid as Rekenpligtige Amptenaar ingevoer word,[2] het die Koshuisrekeningseksie wat in 1953 ingestel is[3] 'n nuwe boekhoustelsel vir koshuise ontwerp wat op aanbeveling van die Provinsiale Rekenmeester by Omsendbrief 55 van 1956 (T.E. 39 gedateer 21 Augustus 1956) deur die Direkteur voorgeskryf is.
Hierdie stelsel het 'n kasontledingsboek ingevoer en breedvoerige voorksrifte is uitgereik betreffende die toewysing van bedrae t.o.v. inkomste en uitgawe aan verskillende poste waaruit die gegewens vir die grootboekrekenings verkry kan word. Boerdery en spoorvrag m.b.t. boerderyvoorrade is ingestel as ontledingsposte.

(c) Rekeningprosedure i.v.m. Boerdery-aktiwiteite. Ten einde superintendente in staat te stel om uitvoering te gee aan boerderyregulasie 25 (d) het die Koshuisrekeningseksie waarna hierbo verwys is, voorskrifte opgestel i.v.m. die rekeningprosedure vir koshuisboerderye wat bekend gemaak is by Omsendbrief 30 van 1957 (T.O.A. 19-1-3 gedateer 20 Maart 1957).

(i) Die Beginsel. Die stelsel is gebaseer op die beginsel dat boerderytransaksies in twee groepe verdeel kan word, nl. kontanttransaksies waar geld ontvang of betaal word en transaksies in natura waarby geld nie direk gemoeid is nie maar waar produkte, ware, dienste e.d.m. gelewer word. Hierlg. transaksies kan weer in twee groepe onderverdeel word, nl. dié waar produkte e.d.m. ten behoewe van die huishouding gelewer word en omgekeerd en dié waar produkte ens. deur een vertakking van 'n gemengde boerdery aan 'n ander gelewer word.

(ii) Die Praktyk. Hierdie beginsel word weerspieël in regulasie 25 (a) (i) en (e)[4] en daarvolgens behoort die transaksies in natura by die koshuisboerdery oorwegend te wees. Die stelsel is derhalwe so ontwerp dat dit sal aantoon welke rol die verskillende transaksietipes in die boerderybedryf speel behalwe dat dit ook daarop gemik is om uit te loop op 'n inkomste- en uitgawerekening waaruit die finansiële verloop van sake t.o.v. die boerdery in sy geheel en sy vertakkings afsonderlik bepaal kan word.

(iii) Die Tegniek. Vir die tegniese uitvoering

van/...

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1951/52, bl. 456, § 559.
2. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1952/53, bl. 53, § 91, en 1953/54, bl. 451, § 613.
3. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1953/54, bl. 462, § 672 (b).
4. Vgl. bl. 40.

G.P.-S.1252804—1956-7—4,000.

T.O.D. 130.
T.E.D.

# Transvaalse Provinsiale Administrasie.
# Transvaal Provincial Administration.

Provinsiale koshuis.
______ Provincial Hostel.

Staat vir die maand
Statement for the month of ______ 19____ *Folio No.* ______

Vertakking van Boerdery
Branch of farming ______

Eenheidsmaat waarin syfers gemeld word
Unit of measure in which figures are stated ______

(Meld pinte, ponde, dosyne ens.)
(State pints, pounds (av), dozens etc.)

← A → ← B →

| | Produksie.—Production. | | | | Gelewer aan.—Supplied to. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Kredietverkope.—Credit Sales. | | | | | | | | | Vertakkings.—Branches. | | | | | | | | |
| Datum. Date. | Oorgedra. Brought Forward. | | | Totaal. Total. | T.O.D./ T.E.D. 360 No. | I Kontant verkope. Cash Sales. | | | | II | | | | | III Koshuis. Hostel. | | | IV | | | | | Totaal gelewer. Total Supplies. | Voorhande. On Hand. |
| *ogb b/f* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

van die stelsel in die praktyk word gebruik gemaak van die Maandstaat (T.O.D. 130), die Uitreikingsbewys (T.O.D. 360) en die Plaasprodukteregister (T.O.D. 131).

DIE MAANDSTAAT (T. O. D. 130):

SY FUNKSIE.

Die boekhoukundige beginsel dat elke transaksie op 'n faktuur aangeteken moet word, word in gewysigde vorm toegepas om die gegewens vir die inkomste- en uitgawerekenings via die Plaasprodukteregister te versamel deur alle eensoortige transaksies wat gereeld of dikwels plaasvind by elke vertakking van die boerdery op 'n maandstaat aan te teken.

SY VORM.

Die staat is in twee afdelings verdeel vir produksie en afset onderskeidelik (gemerk A en B op die voorbeeld) en laasgenoemde is weer in vier onderafdelings verdeel vir kontantverkope, kredietverkope, lewerings aan die koshuis en lewerings aan ander vertakkings (gemerk I, II, III, IV onderskeidelik). Voorsiening is gemaak vir datums, allerlei besonderhede, verwysings e.d.m.

DIE PROSEDURE.

Die produksie en afset van 'n boerderyvertakking word op die maandstaat in hoeveelheidsvorm aangeteken in die toepaslike afdeling van die staat teenoor die datum waarop dit geskied en voorrade voorhande nl. die verskil tussen die totale van afdelings A en B, word daagliks oorgedra.

Aan die einde van die maand word die totale hoeveelhede wat geproduseer en verbruik is, gevind en gebalanseer.

Voorskrifte met betrekking tot die liassering en bewaring van die state word ook gegee.

DIE/...

DIE UITREIKINGSBEWYS (T. O. D. 360):

SY FUNKSIE.

Die uitreikingsbewys het tweërlei funksie, nl. as faktuur vir transaksies wat af en toe plaasvind en nie gerieflik op ŉ maandstaat aangeteken kan word nie en as rekeningstaat vir gereelde transaksies wat op die maandstaat verskyn.

SY VORM.

Blykens meegaande eksemplaar, kom die vorm van die uitreikingsbewys ooreen met dié van ŉ gewone faktuur. Die bewyse is genommer en in tweevoud in boekvorm gebind, sodat die oorspronklike uitgereik en die duplikaat bewaar kan word.

DIE PROSEDURE.

As Faktuur. Wanneer vir kontant by aflewering verkoop word, word ŉ uitreikingsbewys by die koshuiskantoor aan die koper uitgereik met die nommer van die kwitansie wat vir die betaling uitgereik is daarop geëndosseer. Op vertoning van die uitreikingsbewys aan die Plaasvoorman of ander gemagtigde persoon, neem die koper dan die produkte of wat ook al op die uitreikingsbewys gespesifiseer is, in ontvangs, terwyl die Plaasvoorman die nommer van die uitreikingsbewys en die hoeveelheid gelewer op die betrokke maandstaat aanteken in die kontanverkope-kolom teenoor die datum van aflewering.

So ook word ŉ uitreikingsbewys ten gunste van die koshuis uitgemaak wanneer dit ware uit sy voorrade aan die boerdery verskaf terwyl die spesifieke vertakking ook daarop gespesifiseer word, bv.: Uitgereik deur Koshuis
Aan Boerdery (Melkery).

As Rekeningstaat. In hierdie geval word uitreikingsbewyse uitgemaak vir die produkte wat gedurende ŉ maand aan die koshuis, aan ander boerderyvertakkings of op krediet aan indiwidue gelewer is. Slegs een uitreikingsbewys word aan elke verbruiker uitgemaak waarop die maandtotale van die verskillende produkte of dienste (soos op die maandstate) aangebring word terwyl die

bedrae/...

bedrae dan bereken word volgens die voorgeskrewe tariewe. Terselfdertyd word die nommers van die uitreikingsbewyse op die maandstaat onder die ooreenkomstige kolomme aangeteken.

Van die uitreikingsbewyse af (as fakture en rekeningstate) word die inskrywings dan in die Produkteregister gedoen.

DIE PRODUKTEREGISTER (T. O. D. 131).

SY FUNKSIE.

Hierdie register word aangewend om verslag te gee van alle boerderytransaksies, d.w.s. ontvangste en betalings t.o.v. kontant- en kredietverkope en aankope, transaksies tussen koshuis en boerdery en onderlinge transaksies tussen vertakkings soos versamel met behulp van die maandstate en saamgevat op die uitreikingsbewyse, met uitsondering van kontantbetalings wat uit die aard van die saak nie daarop verskyn nie maar op die rekenings wat ontvang word vir aankope ten behoewe van die boerdery

SY VORM.

Die ontvangstekant van die register is in twee dele verdeel nl. ŉ debiet- (kolomme 2 tot 6) en ŉ kredietgedeelte (kolomme 7 tot 19).

Die debietgedeelte maak voorsiening vir inskrywing van die uitreikingsbewyse of van kontanttransaksies (kolom 4), lewering aan die koshuis (kolom 5) en lewering aan ander vertakkings (kolom 6) met kolom 3 vir die nommer van die betrokke uitreikingsbewys. Kolomme 1 en 2 dien as verslagkolomme vir kwitansienommers en bedrae vir betalings wat ontvang word t.o.v. kredietverkope. Wat die kredietkant betref, word kolom 7 gereserveer vir debiteure[1] en kolom 19 vir die opbrengs van gereedskap en uitrusting wat verkoop word nadat dit afgeskryf is,[2] terwyl kolomme 8 tot 18 beskikbaar is vir toewysing van die bedrae van kolomme 4, 5 en 6 aan die verskillende vertakkings.

Die betalingskant is ook in twee dele verdeel, nl. ŉ krediet-/...

1. Vgl. bl. 48.
2. Vgl. bl. 42, regulasie 23 (c).

diet- (kolomme 22, 23 en 24) en 'n debiet-gedeelte (kolomme 25 tot 36).

Die kredietgedeelte is bedoel vir kontantbetalings (kolom 22 waarmee kolom 20 saamgebruik word vir die aantekening van die betrokke tjeknommer), lewering deur die koshuis (kolom 23) en lewering deur ander vertakkings (kolom 24) met kolom 21 om die nommer van die uitreikingsbewys wat op hierdie lewerings betrekking het, aan te dui.

Van die debietgedeelte word kolom 36 gebruik vir gereedskap en uitrusting wat uit inkomste aangekoop word en wat derhalwe in die voorraadregister (T. O. D. 209) moet aangeteken word. Die betrokke itemnommer van die voorraadregister word in kolom 37 aangeteken. Kolomme 26 tot 35 kan dan aangewend word vir die toewysing van die bedrae van kolomme 22, 23 en 24 aan die betrokke vertakkings.

DIE PROSEDURE.

Die register word in twee afdelings gehou, nl. Afdeling I (folio 1 tot 140) vir kontanttransaksies en Afdeling II (folio 141 tot 200) vir koshuis- en inter-vertakkingstransaksies. In beide afdelings word die inskrywings in numeriese volgorde van die uitreikingsbewyse (of bewysstukke in die geval van kontantbetalings en dan numeries volgens tjeknommers) af gedoen.

Aan die ontvangstekant word die besonderhede aangeteken in kolom 3, in die toepaslike kolom 4, 5 of 6 en in die toepaslike vertakkingskolom of -kolomme 8 tot 18 in Afdeling I of II na gelang van die geval. Indien dit 'n kontanttransaksie is word die kwitansienommer en bedrag in kolomme 1 en 2 aangebring wanneer betaling geskied.

In beide afdelings word elke folio afsonderlik gebalanseer t.o.v. die debiet- en krediettotale, die totale van elke folio vir 'n betrokke kwartaal word saamgevat op die laaste folio wat vir daardie kwartaal gebruik is en die groottotale vir die verskillende kwartale word weer aan die einde van die jaar opgesom op die eerste folio van elke afdeling vir die besondere jaar/...

jaar.

In Afdeling I gee die verskil tussen die totale van kolomme 4 en 2 aan die einde van die jaar die totale bedrag, verskuldig deur die debiteure. Hierdie bedrag en ook die totale in afdeling II van kolom 5, 25 tot en met 37, 23 en 7 (8?) tot en met 19 word dan gejoernaliseer vir doeleindes van die grootboekrekenings en die inkomste- en uitgawerekening van die koshuis.

Die afsonderlike items in kolomme 3 en 4 van Afdeling I waarvoor die betalings op 31 Desember van die betrokke jaar nog nie ontvang is nie word eers oorgedra na kolom 7 van die Januarie-folio vir die volgende jaar voordat ander inskrywings gedoen word en kolomme 1 en 2 word voltooi wanneer betaling geskied. Hierdie bedrae word dan nie ingesluit by die totale wat op die volgende jaar van toepassing is nie.

Geen voorskrifte is gegee betreffende die opstelling van die inkomste- en uitgawerekenings en die balansstaat soos wat halfjaarliks saam met die koshuiskwartaalstaat aan die Departement voorgelê moet word nie volgens die bepalings van Omsendbrief 59 van 1951 nie.[1]

(d) Die Lewende Haweregister. Ten einde superintendente in staat te stel om uitvoering te gee aan regulasie 25 (f) tot (j),[2] is 'n lewende haweregister ingevoer en voorskrifte vir die byhou daarvan in die bovermelde omsendbrief opgeneem.

Blykens meegaande voorbeeld is die werking van die register selfverklarend.

Behalwe dat die lewende hawe van tyd tot tyd getel moet word, moet daar 'n opname aan die einde van elke jaar gedoen en 'n gesertifiseerde staat opgestel word wat die getalle van die verskillende diersoorte, in ouderdomsgroepe geklassifiseer, aan-

aantoon/...

1. Kyk bl. 38.
2. Vgl. bll. 40, 41.

toon.

In die register moet afsonderlike folios gebruik word vir elke klas soos bepaal in die voorskrifte bv. bulle, osse en koeie, jong beeste (2 tot 3 jaar), jong beeste (1 tot 2 jaar), kalwers. Boekwaardes word ook voorgeskryf vir die verskillende diersoorte op dieselfde basis as wat boere vir inkomstebelastingdoeleindes gebruik.

Toevoegings en beskikkings word ingeskryf wanneer dit plaasvind dog die inskrywings wat betrekking het op oorplasing van een klas na 'n ander, geskied jaarliks op 31 Desember en elke folio word jaarliks gebalanseer deur die verskil tussen die totale toevoegings en totale beskikkings te vind.

D. SAMEVATTING.

Met die instelling van die provinsiale koshuisstelsel is bepaal dat elke koshuis 'n bankrekening moet open waarin sy ontvangste (ook dié uit die boerderye) gestort moet word en aangewend moet word om sy uitgawes te bestry. Hierdie prosedure is ook gevolg t.o.v. die skoolplase se selfstandige boerderye.

Die Provinsiale Ouditeur, gerugsteun deur die Prokureur-generaal, was die mening toegedaan dat hierdie gelde in die Provinsiale Inkomstefonds gestort moet word soos deur Artikel 89 van die Suid-Afrikawet vereis, wat trouens ook hoofsaaklik die prosedure is wat die ander provinsies van die Unie volg.

Die Uitvoerende Komitee was egter nie hiervoor te vinde nie aangesien Administrateur S. P. Bekker met die invoering van die sentralisasiebeleid beloof het dat plaaslike fondse opgebou sal kan word, en het derhalwe vertoë tot die Sentrale Regering gerig dat die Transvaalse gebruik gewettig moet word, wat gedoen is deur wysiging van Artikel 89 in 1945. Aan die ander vereistes van die wysiging is egter tot hul inlywing by die koshuise in 1951 nie voldoen t.o.v. die skoolplaasboerderye nie.

Die eerste regulasies is in 1936 afgekondig dog geen noemenswaardige verwysing na die boerderye as sodanig kom daarin

voor/...

voor nie behalwe dat die kontantontvangste en -betalings, die uitrusting en die lewende hawe onder beheer geplaas is.

Voorskrifte wat op die regulasies gevolg het, het die terreine vir inspeksiedoeleindes van Inspekteurs van Onderwys, die Geneeskundige Inspekteur en die Buite-inspekteur bepaal, terwyl die werksaamhede van lg. later meer in besonderhede omskryf is.

In 1941 is ŉ Koshuis-inspekteur benoem om beheer oor die finansies uit te oefen en superintendente voor te lig en toe hy eenheidskostesyferbepaling ingevoer het, is Boerdery as een van die uitgaweposte genoem.

Hierdie regulasies is in 1942 vervang met nuwes wat in 1944 gewysig is deur byvoeging van regulasie 25 oor Lewende Hawe waarvolgens lewende hawe aangehou mog word as trekdiere en vir voedselvoorsiening.

Hierdie gewysigde regulasies is in 1945 gepubliseer saam met breedvoerige reëls vir die leiding van superintendente in ŉ „Handboek van Regulasies en Reëls in verband met Provinsiale Koshuise." In die afdeling oor Finansiële en Administratiewe Sake is melding gemaak van ŉ boerderyboek en ŉ verslagboek vir die vragmotor. Die boerderyboekhouding volg die reëls van gewone boekhouding maar ŉ aparte boek moet liewer aangelê word vir transaksies tussen die koshuis en die boerdery. Terreinbepaling vir die verskillende veldamptenare is gedoen en die strekking van die Buite-inspekteur se inspeksieverslae oor die boerdery is aangedui.

In 1950 is weer regulasies gepubliseer om te voldoen aan die vereistes van die gewysigde Artikel 89 van die Suid-Afrika-wet, dog hierdie regulasies het nie wesenlik verskil van die voriges nie.

In 1951 is voorgeskryf dat halfjaarlikse inkomste- en uitgawerekenings en balansstate aan die Departement voorgelê moet word dog slegs kontanttransaksies en gekoopte voorrade van die boerderye moet daarin opgeneem word.

Die/...

Die instelling van 'n nuwe kasboek vir koshuise het dit egter moontlik gemaak om 'n grootboekrekening vir die boerdery te open sodat dit minstens moontlik was om die kontanttransaksies van die boerdery van dié van die koshuis af te skei.

Op aanbeveling van die Provinsiale Ouditeur is daar uiteindelik in 1954 by Administrateursproklamasie 694 Boerderyregulasies gepubliseer wat regulasie 25 van 1950 vervang het. Hierdie regulasie met 17 subregulasies handel in besonderhede oor die doel, funksie en omvang van die boerdery, die voorsiening van gereedskap en lewende hawe, die beheer daaroor en die versorging daarvan en die verantwoording en aanwending van boerdery-inkomste.

Hierop het die Direkteur die pryse vasgestel van produkte wat aan koshuise en onderwysers voorsien word en in 'n nuwe rekeningstelsel wat ingevoer is, is boerdery en spoorvrag in verband met aankope vir die boerdery as uitgaweposte voorgeskryf.

Eindelik is die rekeningprosedure vir boerdery-aktiwiteite by Omsendbrief 30 van 1957 voorgeskryf waarvolgens die volgende prosedure gevolg moet word:

'n Maandstaat, T. O. D. 130, moet by elke vertakking gehou word waarop produkte ens. wat k.b.a., op krediet, aan die koshuis en aan ander boerderyvertakkings gelewer word, afsonderlik in hoeveelheidsvorm aangeteken moet word.

Behalwe vir k.b.a.-verkope waar 'n Uitreikingsbewys, T. O. D. 360, onmiddellik uitgemaak word, moet die totale van die maandstaat vir elke vertakking na so 'n uitreikingsbewys vir elke afsonderlike verbruiker oorgedra word en die bedrae volgens die vasgestelde pryse bereken word.

Van die uitreikingsbewyse af word die inskrywings in 'n Produkteregister, T. O. D. 131, gedoen wat in twee afdelings gehou word vir kontanttransaksies en transaksies in natura onder-

skeidelik/...

skeidelik en wat so ingerig is dat ontvangste en betalings in albei afdelings ook aan die verskillende vertakkings toegewys kan word.

Folios word afsonderlik gebalanseer, kwartaalliks opgesom en die totale word jaarliks via die joernaal in die koshuis se grootboekrekenings gepos.

---------oOo---------